GEBEDFOKUS

Ons loof en dank ons Hemelvader vir al ons seëninge: ons familie, vriende, gemeente, leraars, ons wonderlike omgewing, dat ons in ‘n verhouding met die lewende en reddende Here staan en die leiding en teenwoordigheid van die Heilige Gees. As ons aan alles dink , kan ons nie anders as om in verwondering en aanbidding voor Hom neer te kniel nie!

Ons bid vir ons broers en susters van die VGK wat wonderlike getuies is - seën , beskerming en voorsiening in hulle behoeftes.

Jak. 5: 16b Die gebed van iemand wie se saak met God reg is, het ‘n kragtige uitwerking.

JANNIE DU TOIT

Jannie du Toit tree op Donderdagaand 20 Desember in die Hangklipsentrum in Bettysbaai op. Die kaartjies kos R100 en is by die wyksouderlinge in Hangklip, by beide apteke, by SASOL en by die kerkkantoor beskikbaar. Iets te ete ingesluit.

VERSIERING VAN HANGKLIPSENTRUM VIR DIE ADVENTTYD

‘n Paar lidmate van die Hangklipstreek het verlede jaar met groot toewyding, moeite en sigbare sukses die sentrum versier vir die Kerstyd. Die Streekkerkraad van Hangklip wil dié versiering vanjaar graag herhaal en nooi lidmate van die Hangklipstreek wat graag hiermee wil help, om hulle name deur te gee vir Rudi Perold (083 677 3992, 028 272 9054).

GEESTELIKE BOEKE

Daar word beplan om weer hierdie jaar op 26 Desember borde kos uit te deel by die gemeenskapsaal en in Over Hills. Maar saam daarmee wil ons vanjaar geestelike boeke uitdeel. As lidmate boeke het wat hulle kan afstaan, sal dit baie welkom wees: Afrikaans. Engels, Xhosa – veral ook kinderboeke. Dit kan by die kerkkantoor afgegee word.

HANGKLIPSENTRUM

Heerlike basaarpoeding na afloop van die erediens beskikbaar.

DIE KERKKLOK

DEUR GOD
die bron
van lig en lewe

LEWE ONS

Kerkkantoor: 0282713470

Leraars:

S Sass 072 352 8347
sassteven@hotmail.com

CN Malan 072 198 7279
drchrismalan@outlook.com

Webwerf: www.ngkkleinmond.co.za

25 November 2018

Welkom by die Erediens

08:30 Kerksaal - Dr. Chris Malan
09:00 Hangklip - Ds. Steven Sass
09:30 Kerkgebou - Ds. Jan Momsen

Deurkollekte: Plaaslike Gesinsbediening

Eredienste Sondag 2 Desember 2018

08:30 Kerksaal
09:00 Hangklip
09:30 Kerkgebou

Deuroffer: Plaaslike Vroue-uitreike

BESTEL DIE KERKBODE

Lidmate wat in 2019 wil inteken op die Kerkbode, kan dit teen R150 by die kerkkantoor kom doen **voor einde November**. Dit is vir 20 uitgawes. Indien u self inskryf, is die koste R417 per jaar.

ONS GEE OM

WAAR DAAR HARTSEER EN KOMMER IS.

Ons dink aan almal wat ons gebede baie nodig het.
Veral aan: Ezette Swanepoel: PM1,
Ettienne Gouws: BB5 (☎9689), Lida Fourie: Bb1,
Johan Els: Sa1, Eric Bester: Sb1, Johan Loubscher: Sb1,
Riti Turner KB1 (☎4917), Marianne Oosthuizen: KP,
Frikkie van der Watt: BB1 en Friedel Meisenholl: BB2.

.. **EN WAAR DAAR VREUGDE IS. . .**

Baie geluk aan almal wat gedurende die week verjaar.

In die besonder almal wat vandag verjaar:

Corrie Basson (KP), Eunita Bester (Sc3),
Nicolene Bredenkamp (Ba1), Karel de Jongh (HK3),
André de Lange (Sc4), Lena Lourens (Sc4), Gwen Nel (PM1),
Ghuem Swart (PB2), Marni van der Westhuizen (KB3)

DIE WEEK SE AKTIWITEITE

Dinsdag	16:30	Gebedsgroep in konsistorie
Donderdag	16:00	Kooroefening

VROUEDIENSBUSSIES

Wyke word herinner dat die Vrouediensbussies se geld nou inbetaal kan word. Onthou om genoeg geld te hou vir blomme of begrafniskoste indien nodig.

'N SKAAP VIR R30

Blok Sc se wykslede loop met looitjielyste waar 'n skaap vir net R30 gewen kan word. Ook by die kerkkantoor is die winskopie beskikbaar. Maar na Woensdag is dit neusie verby. Maak seker dat jy teen daardie tyd gekoop het.

BRAAITANG SOEK

Na KB se funksie is 'n braaitang soek. Kom gee sommer by die kerkkantoor.

KERKRAAEDSVERKIESING

By die kerkraadsvergadering van 12 November 2018 is die volgende persone nuut in die kerkraad verkies:

Blokouderling vir See c	Comine Conradie
Streekouderling: Hangklip	Gert Pretorius
Kommissie-ouderling	Hermie van der Merwe
Diensaksie-diaken	Hendrik Saayman
Diensaksie-diaken	Alice van Rooyen

Die volgende persone is vir nog 'n termyn herkies:

Giel Maree	Blokouderling vir PB en RE
Pierre le Roux	Blokouderling vir Sa
Le Roux Burrows	Voorsitter van Finansies
Marita Grobler	Voorsitter van Gemeentebediening
Mariëtte v/d Watt	Voorsitter van Barmhartigheid

Indien iemand beswaar wil maak teen die verkiesing kan dit skriftelik by die kerkkantoor gedoen word.

KERSPAKKIES

Daar word jaarliks Kerspakkies uitgedeel aan lidmate wat finansieel sukkel. Dit word op 8 Desember uitgedeel. As lidmate bydraes in die vorm van koekies, lekkers, koeldrank en lapsakke wil gee, kan dit by die kerkkantoor afgegee word.

KERSSANGDIENS

Die Kerssangdiens in die kerkgebou is vanjaar op 2 Desember om 19:00. Die kerkkoor tree op en 'n kindergroep en die gemeente sing heerlik saam. Die sang word afgewissel met voorlesings. Almal is baie welkom.

KERKRAADSBEVESTIGING

Die nuwe kerkraadslede word op 2 Desember by die verskillende erediensspunte bevestig. **Nuwe intrekkers** wat die afgelope tyd in die gemeente ingetrek het, word genooi om na die erediens in die kerkgebou in die konsistorie te kom tee drink saam met die kerkraad.